| | | |
|---|---|---|
| | Piekniek | |
| 7 Wit: Stilte/ Rus | 8 | 9 |
| 14 Blou: Vas/ Gebed | 15 | 16 |
| 21 Geel: Lof/ aanbid | 22 | 23 Ouerskap Sessie |
| 28 Rooi: Diens/ gemeenskap | 29 | 30 |

NOTES:

# GEMEENSKAP MET DIE GELOWIGES & DIENSBAARHEID

Ons is tans besig met 'n reeks oor Geestelike Dissiplines.

1. Stilte/Rus
2. Vas/Gebed
3. Lof/Aanbidding

Ons praat vandag oor **4. Diensbaarheid/Gemeenskap met Gelowiges**

Hierdie Geestelike Dissiplines is iets wat ons kan toepas in ons daaglikse lewe om nader aan God te lewe en 'n dieper verhouding met Hom te kweek.

Sover was die vorige 3 Geestelike Dissiplines baie gefokus op jou persoonlike reis met die Here.

1. Wanneer jy STIL word voor die Here & RUS vind in die Here, dan is dit JY EN DIE HERE...

2. Wanneer jy VAS EN BID, is dit 'n saak tussen JOU & DIE HERE...

3. Wanneer jy HOM LOOF IN AANBIDDING, dan is dit ook tussen JOU EN DIE HERE... Dit begin al so bietjie na buite keer...

**4. Maar wanneer JY DIENSBAAR IS, & wanneer jy GEMEENSKAP MET GELOWIGES HET (FELLOWSHIP), dan is dit JY, DIE MENSE OM JOU (JOU NAASTE) EN DIE HERE...**

Hierdie Geestelike Dissipline is een wat jy saam met ander beoefen.

En dit is dalk een van die **moeilikstes** omdat ons in 'n tyd leef waar elkeen vir homself veg, vir homself sorg, en besorgd is oor homself...

Ons sukkel om vir ander te gee, of om ander te help, of om tyd met ander gelowiges te spandeer, **want daar is 'n sekere verwagting hieraan gekoppel**...

**Die verwagting is MINDER VAN JOUSELF... MEER VAN DIE OM JOU TOT DIE EER VAN DIE HERE...**

# MINDER VAN JOUSELF...

# MEER VAN DIE OM JOU VIR DIE EER VAN DIE HERE...

# GEMEENSKAP MET DIE GELOWIGES

1. SAAM TE LEER,
2. SAAM TE BID,
3. MEKAAR TE ONDERSTEUN & AAN TE SPOOR,
4. SAAM TE GROEI.

Die Gemeenskap met die gelowiges is so deel van ons geloof, dit is deel van ons Geloofs Belydenis…

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,

gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

van waar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

**Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;**

die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

# DIENSBAARHEID

Om Diensbaar te wees is om die gawe wat jy ontvang het uit te leef in die gemeenskap waar jy betrokke is.

Diensbaarheid is om ander te **dien.** Om ander te **help.** Om jou **gawes so uit te leef** dat dit vir **ander tot guns sal wees**. En om **niks hiervoor terug te verwag nie**. Om met **oop hande te leef**. En veral in die Gemeenskap van Gelowiges waar jy betrokke is, en ook in die samelewing, want die Here kry die GLORIE vir ons diensbaarheid.

# GEMEENSKAP MET DIE GELOWIGES



# ROMEINE 12:4&5

4Ons het baie lede in een liggaam,
en die lede het nie almal dieselfde
funksie nie. 5Net so is ons, al is ons
baie, in Christus een liggaam, en
almal afsonderlik lede van mekaar.

# HEBREËRS 10:24&25

24Laat ons ook na mekaar omsien deur
mekaar aan te spoor tot liefde en goeie
dade. 25Ons moenie van die samekomste
van die gemeente af wegbly soos party se
gewoonte is nie, maar mekaar eerder
aanmoedig om daarheen te gaan, en dit
des te meer namate julle die oordeelsdag
sien nader kom.

# HEBREËRS 3:12&13

12Broers, julle moet toesien dat daar nooit
by een van julle 'n verkeerde gesindheid
van ongeloof ontstaan en hy van die
lewende God afvallig word nie. 13Maar
solank daar nog 'n “vandag” is, moet julle
mekaar elke dag aanspoor sodat niemand
van julle deur die misleiding van die sonde
verhard word nie.


DIENSBAARHEID

# MATTEUS 20:25-28

25Jesus roep hulle toe nader en sê: "Julle weet
dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor
hulle baasspeel, en dat die groot manne die
mag oor hulle misbruik. 26Maar by julle moet
dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring
groot wil word, moet julle dienaar wees; 27en
elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet
julle slaaf wees. 28So is dit ook met die Seun van
die mens: Hy het nie gekom om gedien te word
nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys
vir baie mense.".

# GALASIËRS 5:13&14

13Julle, broers, julle is tot vryheid
geroep. Moet net nie julle vryheid
misbruik as 'n verskoning om sonde te
doen nie, maar dien mekaar in
liefde. 14Die hele wet word in hierdie
een gebod saamgevat: “Jy moet jou
naaste liefhê soos jouself.”

# FILIPPENSE 2:1-4

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind
het, die aansporing deur die liefde, die
gemeenskap deur die Gees, die innige
meegevoel en meelewing – 2maak dan nou my
blydskap volkome deur eensgesind te wees: een
in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks
uit selfsug of eersug doen nie, maar in
nederigheid moet die een die ander hoër ag as
homself. 4Julle moenie net elkeen aan sy eie
belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

Ons sien dat hierdie Geestelike Dissipline, GEMEENSKAP MET DIE GELOWIGES & DIENSBAARHEID 'n groot deel is van die Christelike lewe, maar dalk is dit nie iets wat ons besig is om te doen nie.

Ek wil julle bemoedig met hierdie...

Om Gemeenskap met die gelowiges te hê is nie iets wat iemand anders vir jou gee of doen nie. DIT BEGIN BY JOU. Dit is nie 'n GEVOEL van Gemeenskap wat jy noodwendig gaan voel nie, maar dit is 'n WETE dat jy deel is van 'n LIGGAAM, DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS. DEUR JOU GELOOF VORM JY DEEL VAN SY LIGGAAM.

Selfde met die DIENSBAARHEID…

Ons wil dalk eers die DIENSBAARHEID beleef voor ons diensbaar word.

Dalk beleef jy niks van die twee nie…

DIT IS WAAR JY VANDAG DIE VERSKIL KAN MAAK…

Dit is ek en jy wat deel is van die gemeente, en dit is my en jou verantwoordelikheid om deel te vorm van hierdie gemeente.

Steek jou hand eerste uit na die mense in hierdie gemeenskap. Begin jy om die een langs jou lief te hê, begin jy om die wat hier is te ondersteun en om die ander aan te moedig en vir die langs jou te bid… Voor ons ons oë uitvee, doen ons almal dit. Dan is ons deel van die LIGGAAM, elkeen 'n afsonderlike lid…

**EN HIERDIE GAAN OORLOOP NA DIENSBAARHEID TOE…**

Kom ons wees diensbaar in die gemeente, JY weet wat jou gawes is. Steek jou hand op en word deel.

* Wat kan JY doen om jou onmiddellike geloofsgemeenskap te verander?

• Wie is ingesluit in jou huidige geloofsfamilie?

• Na wie kan jy uitreik binne die geloofsfamilie?

**BID SAAM**

